

## Waardevolle naslaanwerk oor eilandekosisteme

**Chown, Steven L. & Froneman, Pierre W., eds.** 2008. **The Prince Edward Islands: land-sea interactions in a changing ecosystem.** Stellenbosch: African Sun Media. 490 p.  
Price: R300,00. ISBN: 978-1-920109-85-1.

**Resensent:** L. du Preez  
Departement Dierkunde, Potchefstroomkampus,  
Noordwes-Universiteit

Suid-Afrika se betrokkenheid by die Prins Edwardeilande oor dekades heen is alombekend. Veral Marioneiland het min bekendstelling nodig. Oor die afgelope ses dekades het tientalle Suid-Afrikaanse navorsingspanne 'n fenomenale hoeveelheid inligting oor mariene- en eiland-ekosisteme op hierdie eilande versamel.

Onder die leiding van professore Steven Chown (direkteur, DWT-NNS Sentrum van Uitnemendheid vir Indringerbiologie, Universiteit Stellenbosch) en William Froneman (direkteur, Suidelike Oseaan Navorsingsgroep, Rhodes Universiteit) het 'n span deskundiges saamgewerk en hierdie inligting saamgevat in veertien hoofstukke om 'n lywige boek getiteld *The Prince Edward Islands – land-sea interactions in a changing ecosystem* daar te stel.

Die eerste hoofstuk verwys na die vroeë baanbrekerswerk wat hier uitgevoer is en plaas die eilande in 'n globale konteks. Vervolgens word die oseanografiese eienskappe van die mariene omgewing om die eilande hanteer, gevolg deur 'n hoofstuk oor klimaat en klimaatsveranderinge. Die belang van die navorsing wat hier gedoen word, is duidelik van groot belang vir suidelike Afrika. Die geologie en geomorfologie word bespreek asook die biologie in 'n oseanografiese omgewing. In die afdeling oor pelagiese predatore word die voorkoms, verspreiding, fenologie, dieet, voedingswyses, migrasie, populasieveranderinge asook die invloed van die mens op pelagiese predatore bespreek. Vervolgens handel twee hoofstukke oor beskikbare voedingstowwe en die produksie daarvan. Terrestriële biotiese sisteme, plantdiversiteit en -aanpassings word ook in besonderhede bespreek. Biogeografie en bewaringsbiologie word uitgelig as kardinale komponente vir die voortbestaan van die eiland-ekosisteme. Hierop volg 'n boeiende geskiedkundige hoofstuk oor die

mens en die Prins Edwardeilande. In die vroeë dae was lewe op die eilande alles behalwe maklik. Robbe is gejag en sommige van die jagspanne is tot so lank as twee jaar op die eiland gelaat. Wanneer hulle voorrade uitgeput was, moes hulle op voëleiers en tonge van robbe en veral see-olifante oorleef. Die eilande is verder bekend vir die indringersoogdiere wat per abuis en ander met opset, op die eiland gevestig is. Hieruit is waardevolle lesse in biologiese beheer geleer. 'n Samevatting deur die twee redakteurs word gevolg deur twaalf uiters waardevolle byvoegsels in die vorm van spesiële biotops van biota wat met die eilande geassosieer word. Dit sluit in diatome, mosse, vaatplante, ligene, varswaterinvertebrate, terrestriese invertebrate, mariene plankton, mariene bentiële organismes, mariene visse, voëls en soogdiere. Die boek sluit af met 'n seleksie van figure en foto's.

Hierdie boek is 'n akademiese werk en beslis nie 'n Sondagmiddag-storieboek vir ontspanning nie. Dit bied 'n volledige oorsig en sintese van wetenskaplike inligting rakende alle aspekte van klimaat, ekologie en biodiversiteit van die eilande. Dit kan dien as 'n waardevolle naslaanwerk vir almal wat op eiland-ekosisteme fokus en veral op omgewingsveranderinge in 'n ekosisteem wat deur land-see interaksies gedomineer word.